19.18 RAPPORT 10 – DEPUTATE JEUGSORG – CROSS COURIER

19.18 REPORT 10 – DEPUTIES YOUTH – CROSS COURIER

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**1. Matters that the Synod take note of**
1.1 Sr K Bain het die opdrag gekry by Deputate Jeugsorg en Deputate Tydskrifte om te begin met die ontwikkeling van ‘n Engelse tydskrif.	1.1 Si K Bain was tasked by the Deputies Youth Care and Deputies Journals to start developing an English magazine.
1.2 Aanvanklik sou dit ‘n jeugtydskrif gewees het, maar in die lig van al die tydskrifte se finansiële toestand is besluit om een selfstandige tydskrif uit te gee vir lesers van alle ouderdomme.	1.2 Initially it was to be a youth magazine, but in light of the financial state of all the magazines it was decided to publish one independent magazine for readers of all ages.
1.3 Die voorstel vir die naam *Cross Courier* het uit die kerkverband gekom.	1.3 The name *Cross Courier* was suggested by a member of the GKSA.
1.4 Om die tydskrif bekend te stel, is die volgende kanale gevolg: ‘n webblad is geskep waar die tydskrif gratis afgelaai kan word; ‘n afsonderlike nuusbrief vir Cross Courier is gemaak en uitgestuur; ‘n aantal uitgawes van die tydskrif is na konferensies gestuur; ‘n Facebook-blad is geskep; tydskrifte is uitgedeel by die Buitengewone Algemene Sinode van 2016.	1.4 The magazine was introduced as follows: A website was created where the magazine could be downloaded free of charge; a separate newsletter was drafted for Cross Courier and sent out; a number of issues were circulated at conferences; a Facebook page was created; and issues were distributed at the Extraordinary Synod 2016.
1.5 *Finansies*	1.5 *Finances*
1.5.1 Borge en donasies is vanuit die kerkverband ontvang.	1.5.1 Sponsors and donations were obtained from the churches.
1.5.2 Deputate Jeugsorg en Deputate Almanak het groot finansiële bydraes gelewer om hierdie tydskrif gratis, met geen finansiële las, uit te gee.	1.5.2 The Deputies Youth Care and Deputies Almanac made large financial contributions to issue the magazine free of charge, without any financial burden.
1.6 Ons is dankbaar dat daar met die skrywe hiervan twee uitgawes van *Cross Courier* uitgegee is.	1.6 We are grateful that at the time of writing this Report two issues of *Cross Courier* have been published.
1.7 Vir die voortsetting van die tydskrif benodig die redaksiespan verdere terugvoer.	1.7 Further feedback is required to continue publishing the magazine.
2. Sake waaroor die Sinode besluit	**2. Matters that the Synod decide on**
2.1 In die lig daarvan dat *Cross Courier* nie alleenlik ‘n jeugtydskrif is nie, ressorteer die opdrag onder Deputate Tydskrifte.	2.1 Given that *Cross Courier* is not only a youth magazine, the instruction should fall to the Deputies Journals.
2.2 Die Sinode begroot vir die verdere ontwikkeling van die tydskrif.	2.2 The Synod budget for the further development of the magazine.

Rapporteur: *Reporter*: